Pigea densifolia (voorheen *Afrohybanthus densifolius)*

Hierdie klein blougroen eenjarige **kruid**jie staan ongeveer 10 tot 15 cm hoog ek lyk onskynbaar beskeie tot dit **blom**! Dan swaai die klein spitgraafvormige blomblare soos sakdoekies in die wind. Daar is slegs **een** kroonblaar te sien. As dit verlep, lyk dit soos ‘n persblou uitgesteekte tong, want die blaar rol van albei kante af op van buite na binne.

As dit droog is, vou die blomblaar nie eens behoorlik oop nie.

Daar is slegs een **stam** waaruit sywaarts kort **takke** groei. Die **blare** is smal, so 2 mm breed, en ongeveer 60 mm lank.

Die vruggies is rond en dra binne-in 6 langwerpige saadjies wat soos insekeiers lyk.

In die grond sit ‘n wit paal**wortel**. Soms staan hulle in klein groepies, dikwels een-een alleen.

Ongelukkig kan ek nie baie inligting oor die plantjie opspoor nie, behalwe dat dit in 1907 deur Dinter al versamel is (onder die naam Hybanthus enneaspermus) en dat die blare gevreet word, soms stompaf.

Inligtingsbronne:

Reinstatement of Pigea Ging., an earlier generic name for the spade flowers previously included in Afrohybanthus Flicker (Violaceae) Paul I. Forster (March 2021)

Afrohybanthus (Violaceae), a new genus for a distinctive and widely distributed Old World by hybanthoid lineage Benjamin J.Flicker & Harvey E Ballard jr. (2015)

Informele inligting bekom van: Rafaël Govaerts POW Kew Gardens, Mark Hyde, Alex Dreyer (Dankie!)

Teks en foto’s: Anka Eichhoff

Maart 2023